

16 Augustus

Skrifgedeelte: Hebreërs 4

Fokusgedeelte: Hebreërs 4:12-16, spesifiek vers 16

God se troon is 'n genadetroon

Ons lewensgeskiedenis is soos 'n reis: van die verloop van die aardse deel ken ons nie die toekoms nie, maar die eindpunt is die ewige vaderland. Die skrywer van Hebreërs vergelyk ons lewe met Israel se woestynreis na die beloofde land. En soos vir ou Israel, het my ingesteldheid tydens hierdie reis ewige gevolge. My tekortkominge en swakhede (vs 15) spook by my: Sal ek daarmee my bestemming van God se rus bereik?

Voeg daarby God se lewende Woord: dinamies en kragtig, dit bewerkstellig altyd na die een of ander kant 'n resultaat (Jes 55:11). Met sy Woord deurpriem Hy my, lê ek voor Hom soos die skaap met die keel ontbloot: oop en bloot voor God. Ek kan my gesig en hart, my gedagtes en tekortkominge, nie wegsteek vir Hom nie.

Nou roep Hy: Moenie hardkoppig wees nie (vs 7). Ek gaan getuie wees van die waarheid van sy beloftes – op een van twee maniere: deur te kyk hoe ander ingaan terwyl ek agterbly deur hardkoppigheid en met selfverwynt sê: Dit was waar! Of ek kan ingaan en dit uitjubel: Dit IS waar!

Om my menslike tekortkominge voor te hou as verskoning, is ook hardkoppigheid. Is Jesus nie ons enigste Hoëpriester wat mens geword het soos ek met al my swakhede (behalwe die sonde), maar nie daardeur oorwin is nie? Het Hy nie getoon dat Hy ons nie verag weens ons tekortkominge nie, maar juis so liefhet dat Hy medelye het en ons straf gedra het; en omdat ons swak is, sy oorwinning aan ons toereken?

Hy het vir ons die reg verwerf om toe te tree tot God se troon. Reg gee vrymoedigheid. Maar toegekende vrymoedigheid wat versmaai word, is hardkoppigheid.

Kom ons gaan met ons vrymoedigheid na God se troon en sien raak: Dit is 'n genadetroon! Sy snydende Woord suiwer my. Sy Woord skrik nie af nie, maar bring lewe vir dié wat nie hardkoppig is nie.

Sing: Psalm 139:1, 6, 12 (1936); 139:1, 3, 11 (2001)

Ds J Malan (Oudtshoorn)